Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## OPENBARE FINANSIES N5

## 30 NOVEMBER 2018

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 1.1.1 ‘n Stelsel van verslaghouding van alle finansiële transaksies is noodsaaklik vir behoorlike bestuur en rekenpligtigheid.

1.1.2 Maniere waarvolgens elke politieke ampsdraer en openbare beampte in die openbaar verslag moet lewer van hulle aksies en aktiwiteite.

1.1.3 Maniere waarop ‘n groep verkose persone namens die burgers optree en besluite mag neem wat bindend op die groter groep is.

1.1.4 Uitgereik deur hoër owerhede om die effek van finansiële ongelykhede tussen gemeenskappe wat grootliks in finansiële voorspoed en kapasiteit verskil, uit te stryk.

1.1.5 Gemoeid met die bestuur van openbare fondse of geld.

1.1.6 Dit behels die ondersoek na die fondse wat volgens die goedgekeurde begroting in die betrokke finansiële jaar bestee is.

1.1.7 Die finansiële behoefte word gemeet in terme van die lewering van ‘n gemiddelde diensstandaard.

1.1.8 ‘n Wet van die parlement wat die verkryging van enige goedere of dienste deur ‘n onpartydige tenderraad reguleer.

1.1.9 Dit is regulasies waaroor plaaslike rekeningkundige amptenare en finansiële amptenare binne ‘n stadsraad toesig hou en wat deur lokale bywette gedetailleer word.

1.1.10 Dit is die totale inkomste uit alle bronne van alle regeringsinstitusies. (10 × 2) (20)

1.2 1.2.1 Nasionale begroting
1.2.2 Indirekte deelname
1.2.3 Aanwendingsoudits
1.2.4 Belastings
1.2.5 Fiskale aanspreeklikheid
1.2.6 Die Minister van Finansies
1.2.7 Sosiale gelykheid of geregtigheid
1.2.8 Demokrasie
1.2.9 Eksterne statutêre beheer
1.2.10 Billike dele/gedeeltes

(10 × 2) (20)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

1.3 1.3.1 Gebruikerskoste
1.3.2 Tesourie
1.3.3 Laissez-faire
1.3.4 Horisontale inkomsteverdeling
1.3.5 Nasionale wetgewer

(5 × 2) (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

2.1
- Militêre verdedigingsfunksie
- Polisie
- Justisie
- Korrektiewe dienste ('Imprisonment')
- Staatsveiligheid
- Siviele verdediging
- Verkeerspolisiëring (Enige 6 × 2) (12)

2.2
- Geen belasting of ander heffings kan sonder hulle toestemming van belastingbetalers verhaal word nie.
- Die belastinglas moet op 'n redelike en regverdige manier verdeel word.
- Die gebruik van openbare finansies moet gesamentlike behoeftes optimaal bevredig.
- Deelnemende demokrasie beteken direkte deelneming deur die belastingbetalers.
- Finansiële bronne moet effektief en doeltreffend aangewend om gesamentlike behoeftes (billike en redelike toekenning van bronne) te bevredig.
- Instelling en invordering van belasting en die besluit hoe en watter fondse wat ingevorder is, bestee sal word.
- Politieke verteenwoordigers moet sensitief en responsief ten opsigte van die gesamentlike behoeftes van die gemeenskap wees.
- Die uitvoering van begrotingsprogramme moet aan die behoeftes van die publiek voldoen.
- Sosiale gelykheid of geregtigheid moet deur openbare amptenare getoon word deur hoë morele en etiese standaarde te handhaaf. (Integriteit, eerlikheid, verantwoordelikheid – persoonlike eienskappe.)
- Openbare aanspreeklikheid – die publiek moet ingelig word ten opsigte van alle finansiële transaksies wat met openbare fondse aangegaan word.

(Enige 5 × 2) (10)

2.3
- Persoonlike beheer van openbare geld
- Kennis aangaande regeringsaktiwiteite en dienste
- Outoriteit om finale bindende besluite oor alle finansiële sake te neem
- Bewustheid van doelstellings vir die aanwending van openbare geld

(4 × 2) (8)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

2.4
- Nasionale padfonds
- Sentrale energiefonds
- Staatspensioenfonds
- Nasionale behuisingsfonds
- Rekonstruksie- en ontwikkelingsfonds (5 × 2) (10)

2.5
- Alle geld wat deur 'n wet van die parlement gespesifiseer en deur die nasionale regering ontvang is, moet betaal word.
- Geld mag slegs deur die 'NRF' onttrek word.
- In terme van 'n toewysing deur 'n wet van die parlement
- As 'n direkte koste teen die 'NRF' wanneer daarvoor in die konstitusie of deur 'n wet van die parlement voorsiening gemaak is.
- 'n Provinsie se billike deel van die inkomste wat nasionaal verkry is, is 'n direkte koste teen die 'NRF'. (5 × 2) (10)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1
- Handhawing van wet en orde (beskermingsdienste)
- Afdwing van kontrakte deur geregshowe (wetlike beskerming)
- Beskerming van private lewens
- Beskerming van private eiendom (regs-/sosiale beskerming)
- Verdediging van die nasionale gemeenskap teen enige vyand (beskermingsdienste) (5 × 2) (10)

3.2
- Persoonlike aanspreeklikheid vir die finansiële administrasie van sy/haar department
- Voorbereiding en voorlegging van sy/haar department se konsepbegroting aan die tesourie
- Voorlegging van die jaareindstate van sy/haar department vir ouditering
- Lê die geouditeerde finansiële state en die ouditeur se verslag aan die tresourie voor.
- Om die konsepbegroting uit te voer
- Moet enige navrae oor enige item op die begroting beantwoord

(Enige 5 × 2) (10)

3.3
- Byhou van finansiële verslae.
- Betaling van alle geld wat aan die Raad en deur die Raad verskuldig is
- Registrasie van lenings en rentebetalings van die lenings
- Bestuur van alle fondse en beleggings
- Aantekening van kapitale bates en waardevermindering
- Aankoop en veilige bewaring van alle voorrade en materiale. (6 × 2) (12)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

3.4

| HORISONTALE INKOMSTEDELING | VERTIKALE INKOMSTEDELING |
|---|---|
| • Dit is belangrik dat die verdeling van inkomste plaasvind sodat die regeringsliggame met verskillende faktore soos besoedeling, en. kan klaarkom. .<br>• Die inkomsteverdeling vind tussen die regeringsoutoriteite op dieselfde vlak plaas<br>• Dit kan bereik word deur die verspreiding van die balastigsbasis tussen die verskillende regeringsoutoriteite op dieselfde vlak<br>• Dit is belangrik in 'n metropolitaanse area waar eksternaliteite soos motorvoertuig-vervoer, besoedeling en stadsbeplanning 'n belangrike rol speel. | • Goeie tussenregerings-verhoudinge is hier essensieel<br>• Deling van inkomste tussen die verskillende regeringsvlakke binne een staat bv. sentraal, provinsiaal of streek en plaaslik<br>• Belasting mag op een vlak gehef word en op 'n ander vlak bestee word<br>• 'VRS' vind plaas om eksternaliteite en ongelykhede te verminder<br>• Finansiële toekennings van die sentrale regering aan streeks- en plaaslike regerings, is pogings om vertikale ongelykhede te verminder. |

(9 × 2) (18)
**[50]**

**VRAAG 4**

4.1
- Om 'n beleid van private inisiatief aan te moedig
- Om oormatige regeringsbesteding te verminder
- Om die finansiële las op openbare bronne te verlig
- Om die effektiewe/doeltreffende aanwending van openbare bronne aan te wakker
- Om die belastingbasis te verhoog (5 × 2) (10)

4.2 Konsensus besluitneming
- 'n Gemeenskap moet klein genoeg wees ten einde elke belastingbetaler toe te laat om aan die finale besluitnemingsproses deel te neem.
- Algemene eenstemmigheid tussen alle partye moet moontlik wees.
- Dit is 'n baie duur model omdat dit baie moeilik is om almal rakende elke kwessie tevrede te stel.

Meerdeheidsbesluitneming
- Alle belastingbetalers neem steeds deel, maar slegs die besluit van die meerderheid bly staan.
- Meerderheid? 50% 1 stem – dit beteken dat 49 betaal vir iets wat hulle nie wil hê nie.
- Die wense van die minderheid word dikwels geïgnoreer

(2 × 7) (14)

4.3
- Ondersoek voltooide finansiële transaksies vir reëlmatigheid en wettigheid van bestuur van openbare fondse.
- Ekonomie en die vermyding van vermorsing van openbare fondse
- Effektiwiteit en doeltreffende optimum gebruik van openbare bronne.

(3 × 2) (6)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

4.4
- Hierdie word gegee onder spesifieke voorwaardes daaraan geheg ten opsigte van die besteding van die geld.
- Die voorwaardes mag wees in die vorm van breë riglyne of spesifieke voorskrifte.
- Daar is twee tipes voorwaardelike toekennings:
  - Veranderlike of onbeperkte voorwaardelike toekenning – Die ontvanger regering mag toenemende druk om frondse ervaar vanweë veranderende negatiewe eksterne faktore.
  - Vaste of beperkte voorwaardelike toekennings – is meer algemeen en word gebruik om kollektiewe dienste, soos provinsiale biblioteke, landwyd te voorsien.
  - Hierdie is ‘n instrument, nie alleen om ongelykheid te verminder nie, maar ook om interregeringsverhoudinge en samewerking te bevorder.
  - Goeie tussenregeringsverhoudinge is hier belangrik. (Enige 5 × 2) (10)

4.5
- ‘MEC’ moet in ooreenstemming met die konstitusie optree en as ‘n provinsiale konstitusie vir die provinsie opgestel is, moet dit ook in ooreenstemming met daardie konstitusie wees.
- Voorsien die wetgewing met volle en gereelde verslae oor sake onder sy beheer.
- Van ‘n politieke ampsdraer of aangestelde amptenaar word verwag om ‘n portefeulje op dieselfde wyse te administreer as wat ‘n lid van die kabinet dit sou doen.
- Daar word van alle lede van die uitvoerende raad verwag om, gesamentlik en individueel vir die prestasie van hulle department aanspreeklik te wees.
- Kabinetbegrotings vir dienste wat binne die jurisdiksie van elke provinsie se grense gelewer moet word.
- Uitvoerende owerhede van elke provinsie berus by die premier. Hy/Sy steun swaar op die lede van die uitvoerende raad vir die uitvoering en lewering van dienste aan die publiek. (Enige 5 × 2) (10)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou